Open 19:5-10 **WEES KERK SOOS ‘N BRUID**

**MODERNE HUWELIKE**
Daar is die afgelope maand of twee omtrent bruilof gehou! Eers was daar prins William en Kate, toe prins Albert en Charlene … en dan was daar nog J P Duminy en sy bruid ook! Veral die eerste twee het miljoene mense se verbeelding aangegryp (doek). As ek reg gehoor het, het meer mense die Britse troue op die TV gevolg as wat daar na die opening van die Olimpiese Spele gekyk het (2 miljard!?). Gelukkig het nie een van die prinse in ‘n padda verander toe die prinses hulle gesoen het nie (nog nie, sal party skeptici seker sê...)

**IN BYBELSE TYD**
Hoewel moderne troues baie anders daar uitsien as vroeër jare s’n, was dit deur die eeue nog altyd ‘n baie **spesiale geleentheid**. Selfs die streng ou **rabbi’s** het die toegewing gemaak dat ‘n mens maar die studie van die wet ‘n tydjie kon laat links lê om ‘n huweliksfees by te woon!
In die Bybelse tyd is huwelike hoofsaaklik tussen **families gereël**. Die **verlowing** was baie meer bindend as vandag. Dit het voor getuies plaasgevind en daar is die voorwaardes waarop die huwelik gesluit gaan word, formeel aanvaar en God se seën is oor die verbintenis uitgespreek. Daarna het nog ‘**n tydperk** verloop totdat die huweliksfees aangebreek het. Dit is gedurende hierdie tyd dat die bruidegom **die bruidskat** aan die bruid se pa betaal het as hy dit nog nie voorheen gedoen het nie. Die vasgestelde bedrag volgens die Israelietiese huwelikswette was tussen 115 en 570 gram silwer (Lev 27:1-8; Deut 22:29). As hierdie prys betaal is, het die verlowing wetlik van krag geword en was die vrou in feite getroud, al het sy nog onder die gesag van haar pa gestaan.
Aan die **einde van die tydperk**, vind die optog van die bruidegom en sy vriende na die huis van die bruid plaas. Sy het haar op haar mooiste versier. Daarvandaan neem hy haar dan na sy of sy ouers se huis waar die bruilof dan sommer oor ‘n hele paar dae gevier word. Indien die bruidegom van ver af moes kom, is daar nog eers by sy bruid se huis ook fees gevier.

**BYBELSE BEELD**
Vandag se Skrifgedeelte handel oor “***Die bruilof van die Lam***” en ons teksvers is vers 7: “*Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.”*
**Die kerk** – ons almal as gelowiges, groot en klein - word hier met ‘n bruid vergelyk. Ja, die mans ook: ons is almal saam die bruid van Christus!
Hierdie “huwelik” is gedurende die hele Ou Testamentiese bedeling **aangekondig**.
Die ***“verlowing”*** het plaasgevind toe die Here Jesus ons vlees en bloed aangeneem het. Die **bruidskat** is op Golgota betaal. Ons

verkeer tans in die **tussentyd** tussen die verlowing en die bruilof. Ons wag op die dag wanneer die Bruidegom saam met sy engele sy opwagting gaan maak om sy bruid na Hom toe te kom haal. Dan sal die **bruilof** begin en die fees sal 'n ewigheid duur! Dit sal die **klimaks** uitmaak van ons verhouding met die Here Jesus. Dan sal ons die eenheid met Hom ervaar waarna ons op aarde verlang het. Dan sal daar niks meer wees wat skeiding maak tussen Hom en ons nie.

**'N LAM**

Dit is nogal opvallend dat daar in ons Skrifgedeelte van die Bruidegom as 'n "Lam" gepraat word, nie waar nie. Dit herinner ons aan **die prys** wat Hy moes betaal sodat ons sy bruid kon word. Hy moes Hom soos 'n lam laat offer sodat ons gereinig kon wees van ons sonde, anders sou ons nooit sy bruid kon wees nie. (Met apologie aan die **sprokie**: Hierdie Prins het ons klomp mamparras met God ver-soen en ons so in prinsesse verander.) Ons het nie sy bruid geword as gevolg van ons eie verdienste of skoonheid nie, maar ten spyte van ons agtergrond en geskiedenis.
Ons weet hoeveel tyd, geld en moeite 'n bruid aan haar **voorkoms** bestee. Vers 8 sê dat God dit die bruid VERGUN het om fyn, helder blink klere aan te trek. *"Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges."* Die Vorige Vertaling sê dis aan haar GEGEE. God gee wat Hy vra. Hy het self sekere dinge gedoen om sy bruid vir die bruilof voor te berei. Ons lees o.a. daarvan **in Ef 5:25 e.**v.

- Daar staan dat Hy uit liefde vir die kerk **sy lewe daarvoor afgelê** het (:25). Hy het homself nie ontsien nie. Dis hoe dat ons ook ons vrouens behoort lief te hê, sê Paulus – netso *onselfsugtig en bedagsaam*. Ons huwelike behoort **spieëlbeelde** van Christus s'n met die kerk te wees.
- Ons lees ook daar dat Hy die kerk vir Hom **afgesonder** het. By die **verlowing** beloof die bruid en bruidegom trou aan mekaar. Die verlowing beteken dat hulle nie meer vir enigiemand beskikbaar is nie. Hulle behoort uitsluitlik net aan mekaar. Dis wat Christus gedoen het. Hy het ons NET VIR HOM afgesonder. Dit is waar ons nou staan. In hierdie verhouding is daar geen plek vir 'n **derde party** nie. (kruisie om nek = "verloofring")

Ons lees in **Jesaja** dat die profeet vir Israel sê: *"Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige."* (54:5). Soms was hulle egter ontrou en het afgode begin dien. Luister na God se **klag oor sy volk in Esegiël 16**: "*Jy het onder die nasies beroemd geword om jou skoonheid. Dit was 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het," sê die Here my God. "Maar toe verlaat jy jou op jou skoonheid, jy gebruik jou beroemdheid om 'n slet te word en jy stel jouself vrylik tot beskikking van enigiemand wat verbykom, jy word syne."* (:14,15)
Wanneer 'n vrou haar man en gesin prysgee ter wille van haarself in plaas van soos Christus gedoen het, haarself prys te gee ter wille

van haar  man en gesin, het dit **tragiese gevolge**. God sê dan ook: *“My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewy is nie.”* (Hos 3:6) Tog **belowe** Hy by monde van dieselfde profeet Hosea: “*Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees.”* (2:19)

- Hy het, so skryf Paulus verder, ons **onreinheid** van ons weggeneem *“sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.”* (:27)
- Sy liefde het nie daar **opgehou nie**. Vers 29 wys daarop dat Christus sy bruid *“voed en versorg*” met die oog op die bruilof. Hy gee sy bruid alles wat sy nodig het. Hy doen dit byvoorbeeld gereeld in die erediens.

**GROOT VOORREG**

Gemeente, watter **voorreg en genade** is dit nie om bruid van Christus, kerk van die Here Jesus te mag wees nie! Ons hoef geensins vir Kate of Charlene of hul gaste **te beny nie**! Soos wat hier staan: *“Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.”* (:9) Ons is **tergelykertyd** bruid en bruilofsgaste.
Die **beproewings en toetse** wat die kerk in die wêreld ondervind, is deel van haar voorbereiding vir die bruilofsmaal.  Rom 5 - *“Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie…”* (:2-5) Ons kan te alle tye en onder alle omstandighede **bly hoop** op en uitsien na die bruilof!
Die Here wil deur hierdie beeld ‘n **eerlike verlange** na Sy wederkoms by ons wakker maak en hou. Elke aardse bruilof, elke troufoto moet ons aan hierdie bruilof herinner en daarna laat uitsien! Om lid te wees van die kerk, beteken dat ons in ‘n l**iefdesverhouding** met Christus lewe. Hierdie liefdesverbintenis sal by die wederkoms van Christus sy **hoogtepunt** bereik. Ons weet hoe sommige **dogtertjies** al van kleinsaf uitsien na hulle troudag. Wanneer hulle eendag **verloof** is en die dag nader kom, kan hulle aan byna niks anders dink en oor niks anders praat nie. Die voorbereidings en beplanning geskied tot in die fynste detaille. Hoeveel te meer kan **die kerk** nie opgewonde uitsien na en haar vir daardie dag voorberei nie. Om deel te neem **aan kerklike aktiwiteite** is ‘n fees! Om **goeie dade** te doen is soos om jou mooi te maak vir jou Bruidegom! En ek het nog nooit gehoor van ‘n bruid wat sug en klae terwyl sy daarmee besig is nie …
Ja, Christus het ons **gereinig** en aan Hom **toegewy**. God het aan ons die **witste klere** gegee om aan te trek. Nou moet ons dit net so hou. Ons mag nie toelaat dat ‘n **derde party** hierdie verhouding besoedel nie. Ons weet ons Bruidegom sal getrou bly – ons moet ook.

**OPROEP**

Geliefdes, <u>laat ons kerk wees soos ‘n bruid</u>! Laat ons leef soos ‘n bruid wat **op haar heel beste wil lyk** wanneer die Bruidegom haar kom haal en die bruilofsfees aanbreek!

“Hy wat dit alles getuig, sê: ‘Ja, Ek kom gou!’
Amen! Kom, Here Jesus!” (Open 22:20)

DINK NA OOR:

1. Waar sien jy jouself: as opgewonde bruid … verloofde wat ontrou geraak het … stel nie belang in die Bruidegom nie … voel onwaardig … of?
2. Wat sê die preek vir jou?
3. Hoe gaan jy daarop reageer?